IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I2-26 VOL. 318 PG. 18191 - 18244

SAAKNOMMER: CC 482/85

PRETORIA

1987-11-17

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

318

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 318

(Bladsye 18 191 - 18 244)

COURT RESUMES ON 17 NOVEMBER 1987.

MR BIZOS : By Your Lordship's leave accused nos.1, 8 and 17 are not before Your Lordship this morning. The next witness is Mr Khehla Vitalis Namane. He will be giving his evidence in Zulu.

KHEHLA VITALIS NAMANE, d.s.s (Through interpreter)

MR BIZOS : The evidence will be in the main on the meeting of the 26th at Small Farms Catholic Church Hall.

EXAMINATION BY MR BIZOS : Are you 54 years of age and do you live at 111482 Zone 7 Sebokeng? -- That is so.

COURT : Is that right 111482? -- It is 11482.

MR BIZOS : I am sorry. I should have realised that we did not go to the hundred thousands. Are you employed by the Metropolitan Life Insurance Association? -- That is so.

Do you work in Vereeniging? -- Yes.

For how long have you been living in Sebokeng? -- 17 Years.

And where did you live before that? -- Small Farms Evaton.

For a long time or a short time? -- For a long time.

Are you married? -- Yes, I am.

Five children? -- Yes.

COURT : Is that important?

MR BIZOS : It is because of his interest in the amount of rent that he had to pay in his means. In 1984 did you attend a meeting at the hall, at the Catholic Church Small Farms premises? -- Yes, I did.

Were you a member of the Vaal Civic Association? -- No.

Were you a member of any organisation in 1984? -- No.

Were you a member of a church? -- Yes, I was.

Which? -- Roman Catholic.

Do you play any role at the church services? -- Yes.

What/...

What? -- I am a member of the church choir.

Were you at the church on the morning of 26 August 1984? -- Yes.

What time did your service finish? -- It was after 12h00 midday.

Did you do anything after the end of the church service? -- Yes, immediately after the church service I had a talk with different people there and then thereafter I went to attend a practice with the choir.

Was that the church choir? -- Yes.

COURT : On the church premises? -- Yes.

MR BIZOS : What part of the church premises did this practice take in? -- It was in a classroom not far from the church building.

How long did this choir practice last more or less? -- About two hours.

Whilst you were practising or at the end of your practice - sorry, whilst you were practising, was anything happening in the quadrangle, in the church quadrangle? -- I did not pay attention to see that because I was busy with the practising of the church choir.

Did you know that there was going to be a meeting there that afternoon? -- Yes, I knew that.

What sort of meeting was there going to be there? -- A residents' meeting.

For what purpose? -- The purpose of this meeting was to discuss the question of the increased rent.

Have you heard that the rent was going to be increased? -- Yes, I had heard that.

I do not want to ask you any details, but was the

increase/...

increase of rent something of concern to you or were you earning so much money that the proposed increase did not make any difference? -- It concerned me very much.

Had you decided whether or not you were going to go to this meeting? -- I had decided to attend this meeting.

And did you attend it? -- Yes, I did.

When you got there, had the meeting started or not? -- It had started.

After you got there, for how long did you stay at this meeting? -- Between one and a half hours to two hours.

What was happening as soon as you entered the meeting? -- When I got into this meeting room, I found that there was a speaker on the stage who was at the time addressing the meeting.

Did you know this speaker? -- No.

Do you still remember what his speech was about? -- I would not be able to repeat exactly his words or what he said there at the time, but what I can tell the court here is that this person was addressing the meeting about the increase on rent.

Was he in favour or against this increase? -- He was not in favour.

Can you recall what happened as soon as this person finished his speech? -- Yes, I do recall what happened immediately thereafter. The audience clapped hands there and shouting "Amandla Ngawethu."

Do you recall the actual sequence of events or not, what happened the one after the other or not? -- Unfortunately not quite clear.

Do you recall whether anybody started to say something

and he did not say it or was not allowed to say it or was interrupted? Do you remember any such incident? -- Yes, I do remember that.

Tell His Lordship what happened? -- This person got up and went up to the front towards the stage where he was or where this person was saying that ... (Court intervenes)

COURT : Just before we go on, is this person a man or a female? -- When this person who was a male person said that he does not agree with the manner which was followed in increasing the rent, a woman got up and said to the meeting that this person, referring to this male, must not be allowed to speak at this meeting because he himself stood for elections as a candidate to be elected as a councillor, which resulted in a disruption of the order of the meeting by people who were making noise, some saying that this person must be allowed to speak, some saying no, he must not at all be allowed to say anything to this meeting. What was said there by the people was that he cannot come and say that he disagrees with the decisions of the council, by the councillors whereas as he himself was of the opinion to be elected a councillor. When this was happening some of the people were standing on their feet, some were seated, because the meeting hall was full. Then somebody who I thought was in charge of the meeting tried to calm the situation and in doing that, he was assisted by another person until at some stage when order was again restored.

MR BIZOS : Did this person actually speak? Continued with his speech?

COURT : Well, this person can be many. Let us say the alleged candidate. -- No, it ended up with him not having

anything to say at the time.

Did you know this person? -- By sight, yes.

Do you know what work he did? -- I was not sure of the job he was doing, but I used to see him in the vicinity of the Magistrate's Court in Vereeniging, not knowing whether he was employed there or not.

What business did you have at the Magistrate's Court in Vereeniging? -- I am a person who is working for an insurance company and I therefore get some business from different people who join the company and as a result I have to go to different offices to go and have some stop orders signed. That is what brought me to the vicinity of the Magistrate's Court.

Was this person threatened in any way during this disruption of the meeting? -- No, he was not.

Did he walk out of the meeting or did he remain at the meeting? -- When this person was stopped from speaking, he took a seat again.

Do you remember any other speakers? -- There were people alternated by speaking, that is addressing the meeting, whom I cannot quite remember who they were.

Was the meeting addressed only by men? -- No, I heard a woman also addressing that meeting.

Can you remember what her speech was about? -- Her speech was about the difficulty and the burden which is being carried by them as women as a result of the increased rent and she also made mention of the fact that women in the Vaal shall have to unite and get themselves united. She even suggested that was going to help in the sense that they could form a bulk buying scheme which can work out

cheaper in buying because then they will pay less by buying in bulk and then divide it whatever they bought amongst themselves.

Did this woman or any other woman at this meeting call for violence to be used to kill the councillors or to damage their property or to damage any other property? -- No, not at all.

Do you recall whether anybody suggested how the question of the rent might be solved? The increased rent might be solved? -- Yes, what was said was that the best thing to do was that we stop doing business at the businesses of the councillors and what was said further was that the increment on the present rent should not be paid and what was said further was that the Monday of 3 September we are going to stay away from work.

Do you recall who said these things? -- It was a certain middle-aged man who suggested this.

Did you know him? -- No.

Did this man say anything about any other meetings in the Vaal? -- Yes, this person mentioned a meeting which was held in Sebokeng the previous day, at which meeting it was resolved that there was going to be a stay-away.

How did the people at the meeting receive this talk of this man about the stay-away and not buying from the councillors' shops and not paying the increased rent? -- That was accepted by the meeting in the following manner. By clapping of the hands and shouting "Amandla Ngawethu!"

Was there any discussion after these matters were mentioned by this man? -- Yes, a certain elderly man then posed this question saying "What does it help us to just stay at home,

because/...

because that will otherwise only affect our employers?" He was therefore proposing that instead we rather come together, being together then go to those in authority and put our case to them, than to stay at home without doing anything.

How was that proposal received? -- This was also accepted by the meeting in the same fashion of clapping hands and shouting.

Can you recall whether there was any discussion after this proposal was made that you should go together to the authorities? -- After that while I was still present at this meeting, different people said different things but all basing their speeches on the question of the rent.

Did they refer to the councillors at all? -- Yes, they did refer to councillors.

What did they say about them? -- What was said about the councillors was that they are not good at all, because promises that they make to the community are not met by them as promised and therefore are not fulfilled. Beyond that, the next thing that we will see about them after having failed to fulfil their promises, is that you will see that they are all of a sudden rich.

Anything else that they said about the councillors? -- What was further said was that those were the reasons given about how bad they are and therefore it was being suggested that we boycott their businesses until such a time they resign as councillors. Another thing which was said was that since the introduction of the councillors the increase on rental is rapidly done and despite all that, there is no improvement whatsoever in the township.

Were the councillors called any names? -- Yes, what

was said was that the councillors are selling their own people and they are getting rich working themselves rich from the coffers of the poor man.

You told us that you were in Evaton and then in Sebokeng. Did you know Mr Kabi? -- I used to know him up to now. I still know him.

And the mayor of Evaton, Mr Rabotapi, did you know him? -- I know him as well.

Did you know Mr Diphoko? -- I knew him as well.

Do you recall whether Mr Kabi spoke at this meeting of the 26th? -- Yes, he did speak there.

What did he say? -- What he said in his address to the meeting is that Rabotapi is selling Evaton, which place was in fact a place which belonged to their great grandfathers and that he knows, but all the same he is selling it knowing very well that it belonged to those people.

Do you recall whether or not he spoke about the late Mr Diphoko? -- He did not say anything about the late Mr Diphoko.

What do you say to His Lordship that Mr Kabi said that Rabotapi's business should be destroyed and Diphoko should be killed and that there should be violence against the councillors in Evaton? What do you say about that? -- That is not true.

Did you know Mr Rabotapi and Mr Diphoko well? -- Quite well.

Did you consider them friends of yours? -- That is so.

<u>COURT</u> : Friends of whom? -- As my friends. I considered them friends to me.

<u>MR BIZOS</u> : Had you grown up together? -- Yes, we grew up

together.

Did anybody at the meeting of the 26th insight people or suggest to people that there should be any violence against any councillors, whether in Evaton or Sebokeng or anywhere else? -- No, as far as I can remember nothing was ever said about any violence.

If any violence was suggested at this meeting against councillors or anyone else, would you have stayed at this meeting? -- I would not have stayed at this meeting.

Did you stay at this meeting up to the time that certain resolutions were taken? -- Yes, that is so.

Do you recall what resolutions were taken at this meeting? -- What I still remember is that we resolved in this meeting that we are not going to buy from the councillors' shops or support them in any way, much as we are not going to put petrol into vehicles from the garages owned by the councillors. What was said further was that the councillors are supposed to resign and that we should not pay the increase on the present rent and that we are not supposed to go to work on that Monday. It was further resolved at this meeting that we are to meet in big number in order to go to Houtkop where we are going to put forward what our grievances are. That is how much I remember.

Was there any talk at the meeting about transport on the morning of the 3rd, on the 3rd? -- Yes, there was a talk about that.

What talk was there about that? -- What was said was that there was going to be a request to be made towards PUTCO, Vaal Bus and the taxi operators that on that day they are not operating.

Do you recall whether there was any discussion about the question of transport, about the buses or the taxi's? -- Nothing was discussed about the buses except that there was going to be a request that they do not operate that day. Then thereafter, after that mention was made, a person whom I accepted to be a taxi owner, asked a question saying "Say it was to happen that their taxi's are being attacked as a result of which damage is being caused on them, that is the vehicle, what then?" In reply to that it was said that even if he had been operating, say he was to decide to go and operate, nothing is going to happen to his vehicle because he is being taken as one of the residents, that is one of the community members in that community, which means he would just be taken like the people who stayed away who did not go to work. So, therefore nothing was going to happen to him.

After these resolutions were taken, do you know what happened at the meeting? -- Just after the resolutions were read to the meeting, some people came into this meeting place. These people were carrying a placard written in big letters "UDF". There was some other writing as well, which I was not able to read on the same placard. What was mentioned further in this meeting was that there was going to be some elections in which a committee for zone 3, if my memory serves me well, was supposed to be elected.

Did you stay for that election? -- No, I did not.

What was your personal attitude to these resolutions that were passed at the meeting? -- I quite agreed with the resolutions which were taken there.

Was there any singing at the meeting? -- Yes, there

was/...

was a singing which went on there. After every speaker, then there was some singing.

Were you familiar with the songs that were being sung? -- Yes, the songs that were sung there were songs that I once heard before. That is they were not new songs altogether.

What songs were there that were not new songs? -- I remember this song "Senzeni", that is if I remember well and the other one "Hlanganani". This alternates. At some stage they sing it as "Hlanganani Bakrestu" and then later "Hlanganani Basebenzi".

COURT : In the same meeting? -- Yes.

MR BIZOS : Was this a song which you are familiar with? -- That is the song I am familiar with.

COURT : The song "Hlanganani Bakrestu" or the song "Hlanganani Basebenzi"? -- This ons "Hlanganani Bakrestu" is in fact sung in most of the cases as a hymn during a church service and here at this meeting it was sung as "Hlanganani Bakrestu" and at the same time at some stage instead of "Bakrestu" "Basebenzi" was included.

How often before had you heard "Basebenzi"? -- If I remember well it was the first time this day that I heard this word "Basebenzi" being used in this hymn.

MR BIZOS : Is the tune the same? -- Yes.

COURT : And how often before had you heard "Senzeni na"? -- I would say it was quite often in the sense that one would hear that say twice or thrice a month.

On what occasions? -- For instance when I was attending a soccer meeting, then it was sung. At such occasions.

MR BIZOS : These slogans "Amandla Ngawethu" ... (Court intervenes)

COURT : Were these the only songs? -- Another song which was sung there was "Siyaya Siyaya e Pitoli."

Had you heard that before? -- Yes.

Where? -- From children may be in a group walking past my place singing and dancing. That is singing "Siyaya e Pitoli" and dancing while passing at my place.

MR BIZOS : These slogans "Amandla Ngawethu", had you heard them before? -- Yes, I heard that before.

Where had you heard them? -- At the soccer meetings that I attended before and also at our church meeting, for instance when a person says something which we agree with and which thing we feel is important, that this person mentioned a point which was a vital one in that discussion, in applauding that person we would say "Amandla Ngawethu".

Did you stay for the election of the office bearers?

COURT : I think the witness said he left.

MR BIZOS : I beg your pardon.

COURT : Is that correct? -- Yes, that is correct, I said I did not say.

MR BIZOS : During the course of the week, the following Sunday, was the fact that there was going to be a stay-away on 3 September 1984 - a stay-away and a march - was that yet a secret in Sebokeng? -- No, it was just something which was discussed openly in fact by many people during that period.

And what was your personal attitude? Were you going to work on 3 September? -- No, I would not go.

What did you think? Were you going to take part in the march? -- I had decided to take part in the march.

On the morning of the 3rd, did you take part in the

march? -- No, I did not.

Why not? -- I had a running stomach and as a result I could not.

WITNESS STANDS DOWN.

COURT ADJOURNS. COURT RESUMES.

KHEHLA VITALIS NAMANE, still under oath

FURTHER EXAMINATION BY MR BIZOS : You told us that you would have taken part in the march if you were feeling well?

ASSESSOR (MR KRUGEL) : The witness was more specific about that.

MR BIZOS : Did you hear anything at the meeting of the 26th or during the week, 26th to the morning of the 3rd which indicated to you that this march was going to be a march out of which violence would erupt? -- No, not at all. I did not hear anything.

Did you have school going children in 1984? -- That is correct.

Did they go to school on the morning of the 3rd? -- Yes, they did. They went and came back.

Do you know why they came back? -- What they told me was that there are no teachers at school. Therefore they came back.

When did you yourself realise that violence had broken out in Sebokeng? -- After 11h00 I would say.

What did you become aware of after 11h00? -- That the house which is just at the back of my house was on fire.

Whose house is that? -- That was Mr Makiwane's house.

COURT : Was he a councillors? -- Yes, he was a councillor.

MR BIZOS : Do you know who set it alight or under what circumstances it was set alight? -- No, I do not know.

Did/...

Did you yourself in 1983 when the councillors were elected take part in any campaign to oppose the election of councillors? -- No, I did not take any part.

COURT : Did you vote in the election? -- No.

MR BIZOS : Perhaps you should explain to His Lordship why not? -- It was as a result of what I heard being said about the councillors as to how bad they are and that they are only looking into their own interest and not that of the community and that I also noticed the same that they do not have the interest of the community, but they are interested in their own wealth. Therefore I did not vote.

Without giving His Lordship all the detail at this stage unless someone else wants it, did you in fact attend a council election meeting in 1983? -- Yes, I did.

And as a result of what happened at that meeting, did you come to any conclusion as to the correctness or otherwise of what was being said by the people in relation to councillors? -- Yes, from what was said at this meeting I came to a conclusion that it is true that there must not be any councillors and what is being said about the councillors is in fact correct. Therefore I feel there should not be any councillors.

This meeting that you attended, who was it called by in 1983? -- That was called by councillor Makiwane.

Other than the meeting of the 26th of August 1984, did you attend any meetings of the Vaal Civic Association? -- I did not.

COURT : Whose meeting was the meeting on 26 August 1984? -- It was a residents' meeting.

MR BIZOS : Did you at any stage during the course of

the meeting find out whether any organisation had called the residents together? -- No, I did not come to know that.

COURT : Did you attend any other residents' meetings in 1984? -- No.

MR BIZOS : Thank you, My Lord, I have no further questions.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Namane, u sê u is 'n assuransie-agent. Is dit reg? -- Ja, dit is reg.

En as gevolg van u werk beweeg u in die hele Vaaldriehoek, in die woongebiede daar om mense te kry om assuransie uit te neem? -- Ja, dit is so.

Beteken dit dan al die woongebiede Sebokeng en al die ander soos Boipatong, Bophelong, Evaton, al daardie gebiede? -- Nee, dit is nie so nie. My area is Gebied 7.

HOF : Is u beperk tot Gebied 7? -- Wat die invordering van paaiemente betref, ja, ek is beperk tot Gebied 7. Andersins as 'n agent werk ek in die algemeen.

Met ander woorde, u skryf assuransie in die hele Vaaldriehoek gebied, maar u vorder die geld in net vir assuransie wat aangegaan is in Gebied 7? -- Ja, dit is so.

MNR.JACOBS: En om assuransie te skryf in die hele gebied, dan neem ek aan u gaan dit taamlik intensief deur met die verloop van die jaar en dan aan die einde van die jaar 1983 K1031 en 1984? -- Nee, nie by enige plek nie.

Het u nie gedurende 1983 die laaste helfte van 1983 in die woongebied in die Vaaldriehoek rondbeweeg om assuransie te skryf nie? -- Die meeste van die tye het ek te doen met die mense wat alreeds assuransiepolisse uitgeneem het. Byvoorbeeld as 'n persoon nou besluit hy wil meer polisse hê, dit is die mense wat ek mee werk, met die bytelling van die polisse. Of dit is mense wat by die fabrieke is

wat/...

wat alreeds polisse het, by wie ek sal aandoen. Andersins, ek loop nie soos die ander agente rond om mense te kry wat nuwe aansoeke doen vir polisse nie.

In die strewe om die mense wat reeds polisse het se polisse te vergroot, moes jy besoeke aflê in die woongebiede gedurende die tweede helfte van 1983 en 1984? -- Omdat ek nie vervoer gehad het nie, was dit vir my moeilik gewees om na ander areas toe te gaan.

Is u antwoord dan dat u het nie in die woongebiede rondgegaan om addisionele assuransie te skryf nie? -- Dit het ek alleen in Gebied 7 gedoen.

En nie in die ander gebiede nie? -- Nie gewoonlik nie.

Wat bedoel u met nie gewoonlik nie? -- Daarby bedoel ek by daardie dag, byvoorbeeld as ek iemand kry wat 'n voertuig het, dan sou ek uit daardie area uitgaan omdat daardie persoon my gaan vervoer, andersins nie.

Kan jy vir die hof sê, behalwe nou vir jou werk, andersins het jy in die woongebiede Evaton, behalwe nou in Gebied 7, die ander gebiede in Evaton, in Sebokeng - in Evaton, Boipatong, Bophelong, het jy in hulle beweeg? -- Wat Evaton betref, ja.

Sebokeng? -- Bophelong en die ander plek Boipatong het ek nie mense wat ek geken het daar gehad nie. Dus het ek nie na die twee plekke toe gegaan nie.

Sebokeng? -- Ek het Sebokeng toe gegaan. Byvoorbeeld as ek kerk toe gaan wanneer daar iets miskien gedoen word by die kerk, dan het ek soontoe gegaan.

HOF : Was dit nie Small Farms se Rooms Katolieke Kerk nie? -- Dit is so, ja.

Dit lê nie in Sebokeng nie? -- Daarby bedoel ek dat as daar miskien 'n byeenkoms gehou word van die Roomse Kerkmense

te/...

te Sebokeng, dan het ek soontoe gegaan.

MNR. JACOBS : Is dit nie so nie dat u as 'n ou inwoner van daardie gebied, Gebied 7 van Sebokeng het daardie gebied Sebokeng goed geken en geweet wat gaan aan in daardie gebied van julle? -- Nee, ek het nie van alles geweet wat daar gedoen word nie.

Ek sê nie jy het alles geweet nie, maar jy het baie geweet wat daar aangaan? -- Ja.

Jy het byvoorbeeld geweet dat daar was 'n VCA in die Vaal - in die woongebiede in die Vaal? -- Ek het niks geweet van hierdie organisasie wat u van praat nie.

HOF : Tot wanneer? -- Tot en met die hou van 'n vergadering by die jaar 1984 by die Roomse Kerk het ek eers daarvan begin hoor dat daar so 'n organisasie bestaan.

Watter vergadering praat u nou van? Is dit die een waaroor u getuig het in hoofgetuienis of oor 'n ander vergadering? -- Dit is die vergadering wat ek oor getuig het.

MNR. JACOBS : Is dit die eerste keer waar jy gehoor het van so 'n organisasie soos die Vaal Civic Association? -- Ja.

Het u geweet dat daar in Gebied 7 was 'n gebiedskomitee? -- Nee, ek het nie daarvan gehoor nie.

Het jy vir mej. Edith Lethlake geken? -- Nee.

Het jy mnr. Esau Raditsela geken? -- Hy ook nie. Ek het hom nie geken nie.

Het jy ooit by die vakunies gegaan om enige assuransiewerk daar te doen? -- Nee.

Nooit nie? -- Nee, nooit nie.

Het jy geweet van 'n organisasie bekend as Vaal Organisation of Women? -- Ek het geen kennis daarvan gehad nie.

Het jy ooit van so 'n organisasie gehoor? -- Nee, ek

het/...

het nog nooit van die organisasie se bestaan gehoor nie.

Dit is die eerste keer vandag in die hof dat jy hoor dat daar so 'n organisasie was? -- Ek het gehoor by 'n vergadering wat by die Roomse Kerk gehou was waar 'n vroumens gesê het dat dit nodig is vir vroumense om te verenig.

Jy verwys nou na die vergadering van 26 Augustus 1984 weer? -- Ja.

Dit is nie wat ek jou gevra het nie. Ek het vir jou gevra is dit die eerste keer dat jy gehoor het van 'n organisasie genoem Vaal Organisation of Women vandag hier in die hof? -- Ek hoor nie hier vir die eerste keer daarvan nie.

Nou waar hoor u die naam vir die eerste keer? -- By hierdie vergadering wat daar gehou was op daardie dag het ek gehoor.

Wie het dit genoem of daarna verwys? -- 'n Sekere vroumens wat daar gepraat het, het melding daarvan gemaak.

Is dit die vrou waaroor jy reeds getuig het? -- Ek weet nie watter vroumens u na verwys wat ek oor getuig het nie.

Het jy getuienis gelewer oor 'n toespraak wat slegs een vrou gelewer het of het jy getuienis gelewer oor verskillende vroue wat toesprake gelewer het? -- Ek het in my getuienis-in-hoof getuig oor 'n vroumens wat gesê het dat 'n persoon nie toegelaat moet word om te praat by die vergadering nie en ek het toe weer getuig oor 'n vroumens wat gesê het dat dit nodig was vir die vroumense in die Vaal om te verenig.

Watter vrou verwys jy na wat verwys het na Vaal Organisation of Women? -- Ek weet nie wat haar naam is nie, maar dit is nie die een wat gesê het dat die persoon nie toegelaat moet word om te praat by hierdie vergadering nie.

So, dit is die ander een? -- Ek verstaan nou nie

daardie/...

daardie vraag nie.

Goed, ons los dit daar. Het jy in jou omswerwinge daar in Sebokeng in die tyd wat jy daar gebly het ooit kennis gedra van ɦ organisasie bekend as COSAS was in die Vaal bestaan het? -- Ja, ek het al daarvan gehoor.

Waar het die organisasie bestaan? Weet jy waar was hy gesetel in die Vaal? -- Ek het nie presies geweet waar hierdie organisasie bestaan het in die Vaal nie.

Het jy geweet wie behoort aan die organisasie? Watter mense kan behoort aan die organisasie? -- Dit het geblyk asof dit net die skoolkinders was wat die reg gehad het by hierdie organisasie.

En jou eie kinders, het hulle behoort aan hierdie organisasie? -- Nee.

Het jy kennis gedra van ɦ organisasie AZAPO wat bestaan het in die woongebiede in die Vaaldriehoek? -- Nee, ek weet nie eers wat AZAPO is nie.

Is dit die eerste maal wat jy nou hoor van die woord AZAPO? -- Nee, ek sien dit op die koerante ook dat daar geskryf staan AZAPO, maar ek het nooit myself gepla om te probeer vasstel waarvoor dit was, hoekom dit AZAPO genoem word nie.

Was jy bewus daar in die Vaal dat daar in die woonbuurte ɦ organisasie bestaan het met die letters ERPA? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Ken jy nie so ɦ organisasie nie? -- Nee.

Ook nog nie gehoor van so ɦ organisasie in die Vaal nie? -- Glad nie.

En van ɦ organisasie met die naam Evaton Ratepayers Association? Het jy geweet van hom? -- Ek het nie kennis

van/...

van die bestaan van so ʼn organisasie gehad nie, maar ek het wel daarvan gehoor by hierdie vergadering van die 26ste dat daar wel so ʼn organisasie bestaan.

Hoe het jy dit gehoor? -- Dit het ek gehoor terwyl mnr. Kabi daar ʼn toespraak gelewer het waarin hy gesê het dat hy ʼn lid is van daardie organisasie.

Weet jy of dra jy kennis van ʼn organisasie bekend as Vaal Youth Congress? -- Ek het nie die kennis nie.

Het jy enige kennis gedra van ʼn organisasie bekend as Bophelong Youth Congress?

HOF : Net voor dit getolk word en van VAYCO? -- Nee.

MNR. JACOBS : Het jy geweet van ʼn organisasie bekend as Bophelong Youth Congress? -- Nee.

En van Boipatong Youth Association? -- Nee, ek het nie die kennis gehad nie.

Of van ʼn organisasie Boipatong and Bophelong Civic Association? Het jy geweet van so ʼn organisasie? -- Nee.

Kan jy vir die Hof sê was daar in die Vaal volgens jou kennis en in die Roomse Kerk in Small Farms enige herdenkingsdienste gehou oor die jare, sê 1983/84? -- Herhaal die vraag?

Ek vra of daar gedurende die jare 1983 en 1984 herdenkingsdienste gehou was in die Roomse Kerk Small Farms en of jy kennis dra daarvan? -- Ja.

Wie het daardie herdenkingsdienste georganiseer? -- Ons predikent van ons kerk het dit gedoen.

Kan jy vir ons sê watter herdenkingsdienste het jy bygewoon? -- Die Kersdag se herdenkingsdiens het ek altyd bygewoon en dan gaan ek weer kerk toe met die palm Sondag.

Dit is nou kerkdienste daardie wat jy bygewoon het,

maar/...

maar het jy ander herdenkingsdienste bygewoon? -- Nee, dit het ek nie bygewoon nie.

Het jy geweet van sulke herdenkingsdienste wat daar gehou was in julle kerk? -- Nee, ek het geen kennis daarvan gehad nie.

Weet jy dat daar ooit 16 Junie herdenkingsdienste gehou was? -- Nee, onthou dit nie.

Is jou geheue swak of sê jy dit het nie gebeur nie? -- Ek sal sê daar was nog nie so 'n herdenkingsdiens gehou nie.

Weet jy iets dat daar so 'n herdenkingsdiens is soos Sharpeville dag, dat die mense wat in Sharpeville vroeër geskiet was se dood herdenk word? -- Nee, ek weet nie van so 'n dag nie.

Jy het ook nog nooit so 'n herdenkingsdiens bygewoon nie? -- Nee, ek het nie.

Jy weet ook nie van so 'n herdenkingsdiens wat verwys na Sharpeville nie? -- Nee, ek weet niks nie.

Kan jy vir die hof sê in 1983 voor die verkiesing van raadslede wat in November plaasgevind het, kan jy onthou of daar vergaderings geadverteer was in die Vaal Driehoek van vergaderings wat gehou was om te organiseer daarteen dat die mense moet deelneem aan die verkiesings? -- Nee, ek onthou nie.

Is jou geheue nie so goed nie? Is dit daarom dat jy dit nie onthou nie? -- Ek bedoel dat dit nie gebeur het nie.

Kan jy onthou dat daar gedurende daardie tydperk voor ... (Mr Bizos intervenes)

MR BIZOS : The evidence is that there was only one meeting in fact, an attempted meeting at which about a dozen people

or/...

or so turned up. There is no evidence of meetings being held.

MNR. JACOBS : Daar is getuienis oor een vergadering, maar ek het vir hom gevra of hy weet van enige meer vergaderings. Ek dink ek is geregtig om my vraag aan hom te vra.

HOF : Die vrae word toegelaat.

MNR. JACOBS : Wat is die antwoord? -- Ek kan nie meer onthou wat die vraag was nie.

HOF : Het ons die antwoord nie al gekry nie?

MNR. JACOBS : Ons het.

HOF : Dan moet ons nie weer die vraag vra nie.

MNR. JACOBS : Ek wil dan verder gaan met jou. Het jy gesien dat daar plakkate in die woonbuurt Sebokeng aangebring was wat uitgegee was deur UDF dat die mense nie moes deelneem aan die verkiesing nie? -- Ek het nie daardie plakkate gesien nie.

Het jy ooit pamflette ontvang of gesien wat daar versprei word waarop die logo van UDF voorkom en wat uitgegee was ook deur die VCA omtrent ʼn vergadering wat sou plaasgevind het op 27 November 1983? -- Ek onthou niks daarvan nie. Ek het dit eintlik nie gesien nie.

Die vergadering van 26 Augustus was dit geadverteer daar in die woongebied waar u woonagtig is, Gebied 7? -- Ek het daarvan vir die eerste keer gehoor op die dag van die vergadering.

Dat dit geadverteer was in Gebied 7? -- Nee. Eers op die dag van die vergadering het ek geweet dat daar ʼn vergadering gehou gaan word die dag.

HOF : En het u dit gehoor by die kerk? -- Daar in die binneplein van die kerk het ek dit gehoor.

MNR. JACOBS : Het jy geen kennisgewings gesien wat

uitgedeel was omtrent die vergadering van 26 Augustus 1984 nie? -- Nee, ek het niks gesien nie.

Hierdie vergadering wat julle gehou het die dag van 26 Augustus 1984, was dit in die kerk gewees of in die kerksaal, die vergadering? -- In die saal.

Was dit die enigste vergadering wat die dag daar in die saal gehou was? -- Nee, ek weet nie, maar al vergadering waarvan ek bewus is, is hierdie een wat ek van praat.

As daar nog 'n vergadering gehou was voor hierdie een wat jy nou van praat, dan sou jy daarvan geweet het? -- Daar was geen manier waarop ek daarvan sou geweet het nie.

HOF : Hoekom nie? Hoe vroeg het u op die terrein gekom? Op die kerkterrein? -- Om en by 10h00.

MNR. JACOBS : Het u nie mense by die saal gesien op daardie stadium nie? -- Ek het nie opgelet na wat daar in die saal gebeur het nie. Die rede daarvoor is dat daar baie mense is op die terrein van die kerkpersele wat heen en weer beweeg. Dus het ek nie opgelet nie.

Na die kerk uitgekom het toe jy die mense in die vierkant gekry het, toe jy gehoor het daar gaan nou 'n vergadering wees, kan jy vir ons sê wie het jy daar ontmoet? -- Dit was net bespreek daar. Daar was nie 'n kwessie dat mense byeen gekom het en dit bespreek het of bymekaar gestaan het en dit bespreek het nie.

Maar gee vir ons die besonderhede. Hoe het jy uitgevind van die vergadering van die middag? Ek weet nie, dit is vir my baie vaag soos jy dit stel. Ek weet nie wat probeer jy presies sê nie? -- Wat daar gebeur het is dat ek het twee of drie persone opgemerk op die terrein van die kerk se perseel. Die mense loop nie saam met ons kerk daar nie.

Dit/...

Dit is toe ek nou vasgestel het dat daar 'n vergadering gehou gaan word, na aanleiding van die twee of drie persone wat ek daar gesien het. Dit is die rede dat hulle op die perseel was.

Het jy met daardie mense self gepraat? -- Ja, toe ek van hulle verneem het "Wat soek julle hier?"

Hoekom het jy dit vir hulle gaan vra, want jy het nou het uit die kerk gekom. Dit kon mos mense gewees het wat uit die kerk gekom het. Hoekom was dit nou snaaks dat hulle daar is? -- Nee, dit is omdat ek geweet het dat die mense loop nie saam met ons dieselfde kerk nie.

Sê hulle toe nie vir jou daar is nog 'n vergadering op die oomblik aan die gang in die saal nie? -- Nee, al wat hulle aan my gesê het was dat daar 'n vergadering gehou gaan word.

Daar in die vierkant? Die saal is daar naby? -- Ja.

Jy kon mos gesien het daar is mense in daardie saal besig met 'n vergadering? -- Dit het my nie bygeval om direk in die saal te kyk wat daar gebeur het nie.

Jy sien jy kon nie sien daar is deure oop, daar is vensters oop en jy hoor mense praat, mense beweeg daar by die saal se deure nie?

HOF : Is daar vensters aan die binnekant van die plein in daardie saal?

MNR. JACOBS : Is daar vensters aan die binnekant van daardie saal na die vierkant se kant toe? -- Ja, daar is, maar hulle is hoog.

Toe jy nou by die saal gekom het na die koor geoefen het, kan jy vir die Hof aandui hoe laat was dit ongeveer? -- Dit was lank na 14h00 as ek moet skat.

Het jy nie gekyk op jou horlosie hoe laat het die koor-oefening opgehou nie? -- Al het ek gekyk, op hierdie huidige oomblik het ek vergeet.

Is dit so dat op hierdie oomblik is jou geheue nou nie juis eintlik baie goed nie. Is dit korrek? -- Daar is party van die dinge wat daar gebeur het wat ek onthou wat belangrik was, alhoewel daar nog iets is wat ek nie kan onthou van wat daar plaasgevind het nie.

Dit het baie lank terug gebeur en ʼn mens kan nie alles so goed onthou nie en jy het ook nie ʼn baie goeie geheue nie. Is dit reg? -- Soos ek sê, daar is belangrike dinge wat ek nou nog kan onthou.

Kom laat ons net hoor. Hoe weet jy watter is belangrike dinge en watter is nie belangrike dinge nie? -- Op dit wat ons besig is om nou te bespreek, hierdie kwessie van die huur is belangrik en was destyds ook maar belangrik. Tot vandag toe is dit nog belangrik vir my.

Behalwe nou die huur, wat is nog belangrik? -- Wat nog belangrik geword het was dat daar ʼn resolusie aanvaar is dat ons nie die verhoging op die huur moet betaal nie.

Nog? -- Wat verder vir my belangrik was, was dat die resolusie aanvaar is dat ons self sal moet gaan na die outoriteite toe en daar ons griewe hieroor moet oordra.

Dit is nou vir jou so belangrik dat julle julle griewe moet oordra. Wat het julle bespreek hoe gaan julle na die Munisipaliteit toe en julle griewe oordra? -- Dat ons bymekaar gaan kom. Waar ons bymekaar gekom het, sal ons daarvandaan stap om by die Munisipaliteit uit te kom.

En dan? -- Met ons aankoms daar sal ons dit bekend maak dat ons nie in staat is om hierdie verhoogde huur te kan

/betaal,...

betaal nie.

Hoe het julle op hierdie vergadering van die 26ste besluit wie gaan praat met die amptenare van die Munisipaliteit wat daar is, die beamptes? -- Wat met my gebeur het uit my eie het ek aanvaar dat die sprekers wat daar toesprake gelewer het by hierdie vergadering is die mense wat namens ons daar 'n boodskap sal oordra.

Is dit so bespreek op daardie vergadering? -- Nee, daar was nie afvaardigings gewees wat dit sou gedoen het nie. Dit is wat in my gedagte plaasgevind het.

Het jy dit nie belangrik geag om daar op die vergadering op te staan en te sê wie gaan die segsmanne wees nie? -- Dit het nie by my opgekom dat ek dit so moet noem nie, want almal van ons daar teenwoordig het maar oor dieselfde ding gepraat.

Is dit so dat op hierdie vergadering was dit baie ernstig beskou dat as hulle besluit op daardie vergadering om die wegbly-aksie te hou, dan moet dit uitgevoer word, dan moet almal wegbly? -- Nee, dit was nie gesê dat almal dit nou sal moet uitvoer nie.

Het iemand nie daar opgestaan en gepraat en gesê dat die mense daar is almal deel van die gemeenskap en hulle moet daar duidelikheid kry oor hulle besluite en nie half-hartige besluite neem nie? Kan jy onthou of so iets gesê is? -- Dit was genoem gewees dat wie ook al dit mag wees moet die resolusie ten volle aanvaar indien so 'n persoon dit aanvaar en dit uitvoer, maar dit hang af van 'n persoon hoeveel die persoon voel is hy of sy by magte om werk toe te gaan.

Kan jy onthou of iemand op daardie vergadering ook

gesê het, een van die sprekers van die verhoog af, dat as 'n beslissing geneem is, moet die mense toesien dat daardie besluit uitgevoer word. Die mense moenie lafaards wees nie en dat die mense moet nou daarso wys, aandui as hulle lafaards is en dat hulle nie aan die wegbly-aksie gaan deelneem nie? -- Ek onthou nie dat dit gesê was nie.

Is dit omdat jou geheue swak is? -- Nee, ek sê indien dit gesê was, dan sou ek miskien daarvan geweet het.

Jy sien, ek wil dit aan u stel dat die oggend van die 3de het die mense gegaan en gekeer dat die mense wat wou gaan werk het, nie werk toe gaan nie? -- Ek weet nie daarvan nie.

En dit is deur die verdediging self gestel, dit het van die verdediging gekom dat daar klein groepies was wat mense gekeer het dat hulle nie gaan werk nie en dat die polisie hulle toe uiteen gejaag het?

HOF : Wat is die verwysing?

MNR. JACOBS : Dit is Volume 65 - dit is drie plekke waar dit gestel was aan Viljoen. Dit is op 3 420, 3 421 en 3 422. Ek sal vir jou die laaste een net lees wat gestel is net om dit vir jou duidelik te maak. "Ek wil dit aan u stel dat u manne besig was om die persone wat probeer het om die ander mense te oorreed om aan die optog deel te neem en nie werk toe te gaan nie, hulle is uiteen gejaag en hulle is aangerand in omstandighede waar hulle nie die reg gehad om dit te doen nie." -- Dit weet ek nie van nie.

So, met ander woorde, ek stel dit aan jou, julle was baie ernstig op daardie vergadering dat al die mense op 3 September 1984 moes deelneem aan die wegbly-aksie en moes deelneem aan die optogte en dat hulle selfs so ver sou

gaan om hulle te keer? -- Nee, dit is nie so nie. Geen so iets was bespreek daar nie.

Op 26 Augustus 1984 was dit daar gemeld of besluit dat daar sou weer 'n vergadering gehou word op 3 September 1984 by die Roomse Kerk? -- Nee, nie terwyl ek nog daar teenwoordig was nie. Daar was nie so iets gemeld nie.

HOF : Het u die vergadering verlaat na die resolusies toe die vergadering oor was behalwe vir die verkiesing van ampsdraers vir Wyk 3? -- Dit is so, ja.

Het 'n ander klomp mense ook die vergadering verlaat behalwe u? -- Ja.

MNR. JACOBS : Verstaan ek jou getuienis dan korrek dat jy kan glad nie onthou of iemand daar gesê het die mense moenie lafaards wees nie en die lafaards moet nou uitkom? -- Indien dit gesê was, sou ek dit onthou het.

So, met ander woorde, jy sê dit is glad nie daar gesê nie? -- Ja, dit is glad nie gesê nie.

MR BIZOS : I do not know how Your Lordship wants me to deal with this. There are two aspects which were put and because I know that Your Lordship may form some sort of impression on the basis that what is being as a fact, is in fact supported by the evidence. I do not want to object every time, but I want to give Your Lordship two examples of what has happened recently. The witness was examined as to whether he saw any pamphlet advertising the meeting of November, 1983, calling for a meeting with the UDF logo on it. In fact, there is a pamphlet calling for a meeting. EXHIBIT 15.8 but it has no UDF logo on it. I know that Your Lordship will hear argument at the end, but I find it difficult to sit and remain silent while these things are being put,

because ...

because I submit with respect that Your Lordship is entitled to rely that the evidence is being correctly put. I am not unmindful of the fact that there are questions which can be put in cross-examination taking it from the air in the hope that a favourable answer may come, but this is not one of them. The other about the small groups preventing people going to work - it is correct that it was put to Brigadier Viljoen but that was in the context of Bophelong.

COURT : What is the reference?

MR BIZOS : If Your Lordship turns to 3 415. That is in Volume 65. Your Lordship will see that this whole cross-examination deals with Bophelong.

COURT : It deals with one Twala.

MR BIZOS : Twala. That is the Bophelong situation. I am not for one moment suggesting that this is deliberately done with respect, but it is a case on a broad canvass and if these things are put, it may leave Your Lordship with the sort of impression that is not warranted by the evidence.

COURT : It was quite widely put actually "Het enige van die manne (that is now on 3 418) opdrag gehad om klein groepies mense wat in die strate rondloop die oggend van die 3de met geweld uiteen te jaag?"

MR BIZOS : It was in relation - in the early hours of the 2nd and the 3rd in relation to Bophelong and Boipatong. Your Lordship will recall the evidence of accused no. 11 in this regard and that is the basis upon which it was put, but any way I would appeal that matters are not put - let there be clarity at any rate as to whether it is a probing cross-examination to which no objection can be advanced, but it must not be dressed up as if it is a correct quotation

of the evidence or that is it is germane to the area in which the witness has given evidence, because the other UDF poster that did have a UDF logo on is AL103 which was put up by a witness. Your Lordship will recall that it was up in 1983. Mr Molefe gave evidence that this was not so, it was only produced in 1984 for the Coloured and Indian election and he was not cross-examined on it.

MNR. JACOBS : Met alle respek, die beswaar wat geopper word teen die getuienis wat brigadier Viljoen gegee het en wat aan hom gestel was, soos ek dit verstaan het, was sy getuienis dat die oggend voor son opkoms was hy in Sebokeng gewees en dat daar busse aangeval was met mense - mense wat busse wou bestyg is verhoed om dit te doen en die kruisondervraging, soos ek dit verstaan, is gemik op die oggend - dit is duidelik, brigadier Viljoen se getuienis was duidelik gewees, hy was in Sebokeng tot ek dink 07h20. Toe het hy dit verlaat om Sharpeville toe te gaan. Die getuienis was aan hom gestel dat die oggend sou sy manne - voor sonop was dit nog gedoen gewees. Die hele konteks, soos ek dit hier verstaan, maar dit is iets wat ons in argument kan uitbring lateraan, is die gebeure voor sonop in Sebokeng waar hy werklik teenwoordig was. Op daardie basis het ek dit verstaan, maar selfs al is dit nie net Sebokeng nie. Dit is in die hele Vaal wat die mense daardie oggend verhoed was om te gaan. So, ek sal nie met my geleerde vriend oor daardie aspek argumenteer nie. Ek sal net miskien om hierdie ding oor die pamflet op te klaar teruggaan daarnatoe en net vir die getuie gevra of hy ooit ... (Hof kom tussenbei)

HOF : U kan dit maar na die verdaging vra.

GETUIE STAAN AF.

HOF/...

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

KHEHLA VITALIS NAMANE, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Namane, ek wil aan u 'n stukkie voorlees uit die getuienis van beskuldigde nr. 10 wat voorkom in Volume 160 bladsy 7 893. "Mr Matlole, in his response, added there and said that as a response for people being members of a community we need to be clear about our decisions and not go halfhearted into these decisions. If a decision is taken, then we must see to it that we carry out the decision. He said people should not be cowards when it comes to decision making and said that those who are cowards must indicate now that they will not participate in the stay-away and it should at least be known even before they embark on this stay-away." Dit sê jy het jy nie onthou nie, want as dit daar gesê was dan sou jy dit onthou het? -- Ja.

Ek wil dit aan u stel dat die vergadering het die besluite wat hulle daar geneem het in 'n baie ernstige lig gesien. Stem u saam? -- Ja, ek stem saam.

Stem u ook saam dat hulle dit in so 'n ernstige lig gesien het hierdie besluit van die wegbly-aksie en die opmars op 3 September dat hulle selfs besluit het wie van die inwoners van die woongebied mag gaan werk en wie mag nie gaan werk nie? Kan jy so iets onthou? -- Ja, ek onthou dit.

Dat hulle besluit het dat verpleegsters kan gaan werk maar nie die ander mense nie? -- Nee, nie net die verpleegsters nie, maar wat gesê was was dat die werknemers van die hospitale sowel as die ander persone wat voel hulle is verplig om werk toe te gaan, kan gaan.

Dit het nog verder gegaan. Dit is besluit watter

voertuie mag loop in daardie woongebied? Is dit reg? -- Nee, dit is nie so nie.

Wat sê jy is dan reg? -- Wat ek wel gehoor het was dat melding gemaak was dat ambulanse voertuie is wat as vervoermiddels gebruik kan word vir die werknemers van die hospitale om hulle te vervoer na die werksplekke toe.

Dit is mos reg dan. Dit is net die ambulanse wat toegelaat was om te loop daar? -- Dit was nie spesifiek gesê dat daar geen ander voertuie daar in die omgewing mag beweeg nie, maar ŉ voorbeeld is gemaak dat ambulanse toegelaat is om gebruik te kan word as vervoermiddel.

Hoekom net ambulanse? ŉ Persoon kon mos ŉ huurmotor gevat het, hy kon ŉ bus gevat het wat hospitale toe gaan? -- Selfs die huurmotoreienaars was nie verplig gewees om weg te bly van hulle werk nie. Wat wel gebeur het is dat daar ŉ voorbeeld gemaak was van ŉ vervoermiddel deur ambulanse te noem.

Ek stel dit aan u dat u verkeerd is, want hoekom sou hulle nou ŉ voorbeeld maak van ambulanse en dan nie sê dat die ander wat daar wel wil ry kan ry nie? -- Die ambulans was ŉ voorbeeld wat genoem is as vervoer en wat daar gesê was is dat diegene wat voel is verplig om werk toe te gaan, so ŉ persoon kan werk toe gaan.

Met die ambulans?

HOF : Laat ons net duidelikheid kry. Die ambulans is nie die gewone vervoermiddel van werkers van die hospitaal nie. Is dit? -- Nee, normaalweg nie, maar omrede dat daar ŉ versoek gerig was aan die gemeenskap dat ons wegbly van die werk af, en die gevoel dus was dat die persone wat voel dat hulle verplig is om werk toe te gaan, sal die persone wees wat

dus/...

dus dan die ambulans kan gebruik as vervoermiddel.

Maar wat van die huurmotors dan? -- Die huurmotors kon gery het sonder enige voorval.

MNR. JACOBS : En die busse? -- Dieselfde geld vir die busse, maar omdat daar gesê was dat ŉ versoek gerig gaan word dat daar nie busse gebruik of beskikbaar gestel word om gebruik te word vir die dag nie, dit wil sê vir die normale dienste nie, sou die busse nie daar gewees het nie, maar dit het gebeur dat daar busse teenwoordig was wat mense vervoer het wat werk toe gegaan het.

Het jy dit gesien? -- Ek het die busse se geraas, dit wil sê die loop van die masjien as die bus trek gehoor.

Het jy gehoor dat daar mense op die bus is? -- Nee, aangesien ek by die huis was, het ek dit nie gehoor nie.

Ek stel dit aan jou wat gebeur het is dat die mense was verhoed om met die busse te ry. Die busse was met klippe gegooi? -- Nee, ek aanvaar dit nie.

Het jy nie die geraas gehoor toe die mense die busse aangeval het nie? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

Ek sal later daarop terugkom. Ek wil net eers ŉ ander aspek behandel wat ek netnou aangeraak het. Kyk net na BEWYSSTUK CA10. Stem jy saam dat BEWYSSTUK CA10 is ŉ plakkaat, ŉ foto van ŉ plakkaat met ŉ rooi agtergrond waarop wit woorde staan bo aan "UDF Unites - Apartheid Divides"? -- Wat ek wel gesien het was ŉ groot bord. Die grootte kan ek skat as dieselfde grootte van dit wat nou aan my getoon word in die vorm van ŉ foto, want die woorde soos aangedui word"UDF" is soortgelyk aan die woorde soos wat ek op daardie bord gesien het. Verder die res wat daar gestaan het, het ek nie gesien nie.

En/...

En dan net daar ŉ swart vlag wat gehou word en daarop staan in geel letters "UDF" met ŉ rooi Afrika agtergrond - suidelike Afrika agtergrond. -- Ja.

Ek wil dit aan jou stel dat hierdie plakkaat van UDF was beskikbaar gewees by ŉ vergadering wat gehou was op 27 November 1983 by die Roomse Kerk in Gebied 12. U Edele, waar dit ingehandig was was in die getuienis van beskuldigde nr. 5, Malindi, in Volume 208 ... -- Nee, ek het wel iets soortgelyk aan hierdie grootte wat aan my getoon word wat in die saal ingebring is nie by die kerk nie.

Die bewysplaas is 10 961. Daar is ŉ hele reeks hieroor. Laat ons dit net duidelik kry. Jy sê jy het ŉ soortgelyke ding gesien soos hierdie BEWYSSTUK CA10. Waar het jy dit gesien? -- Ek het gesê ek het ŉ bord gesien met die bewoording "UDF" en die bord het nie ŉ vlag opgehad nie. Hy het ook nie hierdie agtergrond van hierdie Suider Afrika se kaart nie. Wat ek wel kan sê is dat ŉ kaart soortgelyk aan hierdie een wat aan my getoon word het ek nie gesien nie, behalwe dat ek ŉ bord gesien het met die bewoording "UDF".

Laat ons net duidelikheid kry oor ŉ bord. Wat bedoel jy met ŉ bord? -- Daarby bedoel ek iets wat gemaak is van ŉ groot papier waarop geskryf staan "UDF".

Hierdie groot papier waarop dit gestaan het, was dit op ŉ karton vasgeplak of hoe is dit? Of was dit net die papier self gewees? -- Dit was vasgeplak op die kartondoos.

Het die ding net stil gestaan teen die muur toe jy dit gesien het of wat was die posisie? -- Daar was persone wat dit gedra het en daarmee in die saal ingekom het.

Is dit nou op 26 Augustus 1984 by daardie vergadering? -- Ja.

Was dit ŉ man of ŉ vrou wat dit gedra het of was dit meer as een wat dit gedra het? -- Twee persone het dit gedra. ŉ Mans- en ŉ vrouspersoon.

Ek wil dit aan u stel u is verkeerd. Ken u die verskil tussen ŉ banier en ŉ plakkaat? -- Ek weet nie eers watter ding is ŉ plakkaat en watter ding is ŉ banier nie.

ŉ Banier is gemaak van lap met twee stokke aan die kant wat baie wyer is as ŉ plakkaat. Sal jy dit so aanvaar? -- Nee, ek aanvaar dit nie, want ek weet nie hoe lyk ŉ banier nie. Ek weet nie hoe lyk ŉ plakkaat nie.

En ek wil dit aan jou stel wat op 26 Augustus 1984 by daardie vergadering aangebring was, was ŉ banier, ŉ lap en nie ŉ papier nie? -- Dit kan wees dat dit op ŉ lap was, maar wat eintlik my aandag getrek het, is wat daarop geskryf was. Waarop dit presies geskryf gestaan het, het ek nie veel aandag aan gegee nie.

En is dit reg dat hierdie banier was baie langer gewees, wyer gewees, die mense het wyd uitmekaar uit gestaan met die twee punte? -- Nie veel uitmekaar uit nie.

<u>HOF</u> : Dit help nie dat ons in die lug rondtas nie, mnr. Jacobs. Gee vir my die afmetings van daardie ding wat u gesien het die mense dra? -- (Getuie dui breedte aan)

Ongeveer ŉ meter in die breedte en die hoogte? -- Ek het nie so goed opgelet nie, want daar is persone wat dit gedra het.

Maar was hy hoër as wat hy breed is of breër as wat hy hoog is? -- Ek skat dit ongeveer dieselfde. Dit wil sê die lengte en die breedte was ongeveer dieselfde.

Het dit vir u gelyk na papier wat hulle dra? -- Ja, toe ek dit gesien het, het dit gelyk soos papier wat hulle

dra/...

dra, maar wat my aandag getrek het, is die skryfwerk wat daarop gestaan het.

MNR. JACOBS : Kan jy onthou dat die mense wat dit daar aangebring het, het in die saal ingekom en met daardie banier dan gaan staan op die verhoog agter die mense wat op die verhoog gesit het en dit so gewys het na die gehoor se kant toe? -- Ja, dit is so.

En stem jy ook saam dat toe die mense daar aangekom het met hierdie banier ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Eintlik is dit, soos beskryf, ʼn plakkaat. Dit is in die hoofgetuienis genoem ʼn "placard". Dan weet ek nie waarom u nie bly by plakkaat nie.

MNR. JACOBS : Ek sal daarby bly. Ek is jammer. Toe hulle met die plakkaat daar aangekom het by hierdie plek, het hulle al singende daar aangekom? -- Ja, hulle het gesing toe hulle daar ingekom het.

Is dit reg dat jy kon hulle al ʼn geruime tyd voordat hulle ingekom het al gehoor sing het soos wat hulle aangekom het? -- Daar was toesprake en mense het gepraat hier in die saal. Ek kon dus die mense nie van ver af hoor nie. Ek het hulle eers begin hoor toe hulle by die ingang gekom het.

En toe hulle by die ingang kom het hulle opgehou sing? -- Nee, toe hulle daar ingekom het, het hulle nog gesing.

Tot op die verhoog? -- Ek kan nie meer so goed onthou of dit die posisie was nie.

Het enige van die mense toe hulle daar ingekom het saam met hierdie plakkaat enigiets gesê teenoor die gehoor, oorgeneem en begin praat? -- Ek onthou nie, want by daardie tydstip was ek eintlik nie tuis met wat daar gebeur het nie, want

ek/...

ek was van plan al om te loop. Ek het daaraan gedink dat ek nou gaan loop.

Jy het nog net gedink om te loop, maar jy het nog nie geloop nie. Jy was nog in die saal. So, as jou geheue goed is, dan moet jy mos kan onthou of daar 'n man gepraat het of nie? -- Nee, ek kan dit nie meer onthou nie. Ek onthou nie.

As ek miskien jou geheue 'n bietjie kan verfris. Kan jy nie onthou dat die man wat saam met daardie groep ingekom het gesê het hy kom nou van ander vergaderings af nie, in Sharpeville en Tsirela en Boipatong? -- Nee, ek onthou dit nie. (10)

Ek wil teruggaan na die man wat jy gesê het daar op die vergadering hy was die vorige dag by 'n vergadering in Bophelong waar die mense sekere resolusies aangeneem het.

MR BIZOS : Did he say Bophelong?

COURT : I did not catch that.

MNR. JACOBS : Hy het gesê hy was die vorige dag by 'n vergadering waar hy sekere dinge gehoor het. Kan jy onthou of hy daar genoem het by hierdie vergadering dat hy die vorige dag by 'n vergadering te Bophelong was?

MR BIZOS : The evidence-in-chief was in fact that it was (20) a meeting the previous day at Sebokeng. That was the evidence-in-chief.

MNR. JACOBS : Laat ek die getuie vra dat hy vir ons sê. Waar het die persoon gesê was die vergadering die vorige dag waarna hy verwys het? -- Hy het gesê dit was te Sebokeng gehou.

Waar in Sebokeng? -- As ek reg is het die persoon gesê dit was in Gebied 13 gewees.

Toe die persoon dit gesê het, was hy op die verhoog gewees of was hy in die gehoor? -- Op die verhoog. (30)

Het/...

Het hy gesit op die verhoog? -- Toe hy dit gesê het, het hy op sy voete gestaan.

Ja, dit is te verstane, maar voordat hy begin praat het, het hy gesit op die verhoog en toe opgestaan en gepraat? -- Ek het nie opgelet waar hy voorheen was of gesit het nie. Ek het net opgemerk dat daar staan die persoon en praat.

Maar was hy dan nie voorgestel deur die voorsitter nie? -- Die persoon was voorgestel gewees. Ek kan net nie meer onthou wat gesê was wie die persoon is nie.

Kan jy onthou of hierdie persoon wat toe daardie voorstel gemaak het enigsins gepraat het oor die jeug? -- Ja, as ek reg is, het die persoon gepraat van die jeug, dat die jeug ook maar sukkel met hierdie probleme van die huur.

Kan jy onthou of hy enigiets verder gesê het oor die jeug?-- Ja, die persoon het gesê dit is vir hulle moeilik om skoolfooie te betaal en dit is ook moeilik vir hulle om vir die boeke te betaal by die skool.

Is dit nou die jeug wat daarvoor moes betaal? -- Nee, hy het gesê die ouers van die jeug is veronderstel om daarvoor te betaal en dit kan nie bekostig om hiervoor te betaal nie, want die geld word almal spandeer op die huur.

Toe hierdie persoon gepraat het, het hy uit die vuis gepraat, sommer net soos ons nou staan of het hy enige notas by hom gehad?-- Die persoon het sommer so gepraat.

Het hy geen notas of papiere by hom gehad nie?-- Nee, ek het dit nie gesien nie!

En as iemand sou beweer hy het wel 'n papier gehad is dit nie heeltemal reg nie? -- Nee, dit is nie dit nie, dit is hoe daardie persoon dit onthou wat dit sê. Ek sê wat ek onthou is dat ek nie 'n papier gesien het nie.

Jy sê in jou getuienis dat hy toe gesê het as protes moet die mense op die 3de by die huis bly en nie gaan werk nie? -- Ja.

Is jy seker daarvan? -- Ja, ek is seker daarvan, want die persoon het gesê dit is die resolusies wat aanvaar is by die vergadering wat hy die vorige dag van hierdie betrokke vergadering bygewoon het.

Is jy seker - as iemand anders sou sê dat hy gesê het hulle moet wegbly op 3 September 1984 van die werk af, maar dat hulle "rallies" moet hou in die woongebiede, dan is dit heeltemal verkeerd? -- Herhaal die vraag vir my?

As enigiemand anders sou beweer dat daardie persoon het gesê dat die resolusie wat aanvaar was, is nie dat hulle by die huis sou bly nie, maar dat hulle op die 3de sou wegbly en dan sou hulle in die woongebiede "rallies" hou, vergaderings hou, is dit verkeerd? -- Ek sal sê die persoon wat dit sê maak 'n fout.

Kan jy onthou of hierdie persoon wat hierdie toespraak toe daar ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MR BIZOS : I have no recollection of anyone saying that rallies were part of the resolution. I have a distinct recollection that there was talk in the negative what would be the point of staying behind and having rallies. They would have no effect, but I do not recall anyone saying that it was part of the resolution that there should be rallies on the day in question.

COURT : Was the question framed that it was part of the resolutions?

MR BIZOS : Yes.

COURT : Or was the question framed that the person said

this/...

this. As I have it, it was put that if anybody had said "Let us stay away, but that rallies must be held in the township", would that be wrong or right?"

MR BIZOS : The way I understood the question was that he is incorrect when he says that the stay at home was to be confined to the stay at home, that it was part of the resolution to stay at home and stay with rallies. In any way, if it was not intended or if I misunderstood it, then the point falls away.

COURT : I must just gauge the matter on the basis of the question which was asked and the reply given. The question is allowed.

MNR. JACOBS : Kan jy vir die hof sê of die persoon wat hierdie toespraak gelewer het aan hierdie vergadering van julle waar jy ook teenwoordig was van 26 Augustus voorgestel het dat hierdie vergadering dieselfde resolusies moet aanvaar of nie? -- Hy het nie gesê dat ons vergadering waar ek by was die resolusies van die vorige dag se vergadering moet aanvaar nie. Wat hy wel gesê het was dat dit is die resolusies van die vergadering wat ek gister bygewoon het.

Is dit al wat hy gesê het net dit is die resolusies van die vergadering? -- Ja, hy het so gesê.

En as enigiemand sou beweer dat hy het op hierdie vergadering voorgestel dat hierdie vergadering van julle ook oorweging daaraan skenk en hierdie resolusies wat op die vorige vergadering waarna jy verwys het aanvaar is, ook te aanvaar, is dit nie heeltemal reg nie? -- Nee, ek onthou nie die persoon dit sê nie.

Kan jy vir die hof sê was hierdie vorige vergadering se resolusie oor die wegbly - was dit by hierdie vergadering

van/...

van julle formeel voorgestel as ŉ resolusie? -- Ek onthou nie dat hy gesê het dat daardie resolusies van die vorige vergadering formeel aanvaar moet word by hierdie vergadering nie. Wat ek wel kan onthou is dat hy aan hierdie vergadering die resolusies van die vorige dag se vergadering wat hy bygewoon het oorgedra het en gesê het dit is die resolusies wat geneem is daar.

Ek weet nie of jy nie my vraag verstaan het nie. Ek vra of enigiemand anders op hierdie vergadering van julle formeel voorgestel het dat hierdie vergadering ook ŉ identiese resolusie aanvaar dat daar op 3 September 1984 weggebly word van die werk af? -- Ja, die gehoor het self die resolusies aanvaar toe dit oorgelees is aan ons of oorgedra is aan ons deur hande te klap, sonder om enige besware te maak.

So, verstaan ek jou getuienis dan korrek - ek het nie ŉ fout daarmee dan nie - dat direk nadat daardie persoon gesê het dit is die resolusies wat daar anderkant aanvaar is, dat daar op 3 September gaan daar weggebly word van die werk af en die mense gaan by die huis bly, toe het die gehoor dit sommer dadelik aanvaar. Dit is aanvaar sonder enige bespreking daarna? -- Nee, dit is nie wat ek sê nie. Wat ek sê is dat na die persoon die resolusies van die vorige vergadering by hierdie vergadering genoem het, het die mense hande geklap. Na daardie geklappery van hande was daar toe besprekings gewees wat eintlik op die ou end later die rede gegee het vir ŉ sekere ouerige man om hierdie voorstel te maak dat dit nie help om net sommer weg te bly van die werk af en niks doen nie, dan moet ŉ mens by die huis net niks doen nie. Want dit gaan ons werkgewers affekteer. Die beste wat hy nou voorstel is dat ons na Houtkop toe moet gaan en

dit/...

dit daar met die outoriteite bespreek.

So, dan het die gehoor dit nie dadelik aanvaar soos jy dit gestel het in jou getuienis-in-hoof en nou ook weer toe daardie persoon dit gelees het nie? -- Wat gebeur het is dat die mense het hande geklap na die resolusies oorgedra is aan hierdie vergadering. Eers na dit het hierdie ouerige man toe met hierdie nuwe voorstel gekom.

Was die resolusies wat op hierdie vergadering aanvaar was formeel gestel aan die gehoor en gesê "Ons stel dit voor as dit en A en B en C as resolusies" en dat die mense daaroor moes stem? -- Nee, daar was nie stemmery gewees daaroor nie.

Op geen stadium solank as wat jy daar was nie? -- Nee, daar was geen stemme gewees nie.

Is dit korrek as ek na jou getuienis-in-hoof geluister het dat daar eintlik net twee vrouens gepraat het by daardie vergadering? Die een is wat daardie ander man in die rede geval het en dan die tweede vrou wat jy gesê het wat daar gepraat het oor eenheid onder die vrouens? -- Ek het nie hier vir die hof gesê pertinent dat dit net die twee vroumense was wat gepraat het by hierdie vergadering nie. Ek het gesê wat ek onthou is dat daar was twee vroumense wat ek nog kan onthou wat iets te sê gehad het by hierdie vergadering.

Jy kan geen ander vrouens onthou wat iets te sê gehad het by hierdie vergadering nie. Is dit reg? -- Daar was vroumense gewees wat gepraat het in hierdie vergadering daar, maar hulle het almal ook gehandel met dieselfde ding met dit wat hulle gesê het.

Watter selfde ding het hulle mee gehandel? Laat ons hoor? Ek weet nie wat is dieselfde ding nie? -- Dit is

die probleme van die huur.

Kom ons kry dit eers. Hoeveel ander vrouens het nog gepraat oor die probleme van die huur? -- Ek kan nie onthou hoeveel van hulle nog gepraat het nie.

Kan jy vir ons sê wat het hulle gesê oor die probleme van die huur?

MR BIZOS ASKS PERMISSION FOR ACCUSED NO. 9 TO BE EXCUSED.

COURT : Certainly. -- Ja, hulle het gepraat. Van hulle het ook gepraat van die volgende as ŉ probleem. Dat die huur gaan hierdie probleem veroorsaak in die sin dat daar van die manspersone is wat gebruik maak van drank, wat tuis kom en vra vir vleis, dat daar vleis miskien gebraai moet word en vind dat daar nie vleis is nie, omrede al die geld op die huur spandeer is. Wat dan veroorsaak dat die mense in die ete as papleier, morog moet geniet.

Het ŉ man wat te veel gedrink het ŉ groot eetlus? -- Die persoon hou baie van souterige dinge.

MNR. JACOBS : So, is dit dan ook die skuld van die raadslede dat die man te veel drink?

HOF : Ons stel nou net belang in wat gesê is.

MNR. JACOBS : Is daar nog iets wat jy kan onthou wat die vrouens gesê het? -- Die ander vrou het hiervan gepraat dat elke oggend as die kinders skool toe gaan, wil die kinders geld hê om kos te koop by die skool vir die dag en daardie geld is nie daar nie. Dit is opgebruik.

Is daar nog iets of is dit al? -- Nee, ek kan nou nie die ander goed so mooi onthou nie.

Jy sê dat op hierdie vergadering was dit toe ŉ resolusie dat - en ŉ voorstel dat die mense nie die verhoogde huur moet betaal nie? -- Ja.

Is/...

En in die bespreking is dit nie gemeld dat die mense nou bang is en sê "Nee, kyk, ons kan dit nie doen nie, want dan sal ons gearresteer word"? -- Nee, die mense het nie daarvan gepraat nie. Al wat gesê is was "Kyk, die huur is nou 'n groot probleem vir ons. Ons kan dit nie meer bekostig nie, veral dit wat bygetel is by die huidige huur. Ons gaan dit nie betaal nie."

Is dit nou net die verhoging wat hulle nie gaan betaal nie of gaan hulle geen huur betaal nie? -- Net die verhoging op huur sal nie betaal word nie.

En jy self, het jy ook besluit jy sal nie daardie verhoging in huur betaal nie? -- Ja, omdat ek nie die geld het nie, het ek daardie besluit geneem.

<u>HOF</u> : Het u by die besluit gebly? -- Ja, ek het nie betaal nie.

Tot vandag toe? -- Tot vandag toe.

<u>MNR. JACOBS</u> : Wat van die res van die huur? Het u dit betaal of het u opgehou om dit ook te betaal? -- Ek het toe besluit om alles te los.

So, jy betaal absoluut geen huur nie? -- Wat net as huur genoem kan word betaal ek niks nie.

<u>HOF</u> : Jy betaal niks? -- Nee, ek betaal nie huur nie.

Maar op watter basis? -- Die rede daarvoor was dat na die onluste waar ek beweeg het in die busse, enige vervoer wat ek gebruik het, selfs waar ek met mense gemeng het, het ek gevind dat die mense se houding is dat daar nie meer huur betaal word nie, totaal nie in die geheel.

Ja, maar ek stel nie belang in ander mense se houding nie. Waarom - hoe kan u dit moreel regverdig om nie die huur te betaal nie? -- Ek het dit self besef dat ek al lank begin het om te betaal, dit wil sê betaal vir die hu[illegible] die

huis/...

huis wat ek bewoon het en elke keer word die huurgeld verhoog, verskeie kere en ek het tot die besluit gekom dat ek het al soveel betaal vir die huis dat ek eintlik gedink het dat die huis moet eintlik nou my eiendom geword het.

Betaal u vir die water en vir die elektrisiteit? -- Nee, ek betaal nie daarvoor nie, want dit word alles byeen gebring op een groot bedrag van die huur.

Is dit ook u eiendom? -- Nee, dit is nie my eiendom nie.

MNR. JACOBS : U betaal natuurlik ook nie vir die vuilisverwydering en al daardie tipe dinge nie? -- Ek het dit al lankal betaal.

Maar nou betaal u niks daarvoor nie? -- Ja, nou betaal ek niks nie, dit wil sê dat die mense en die owerhede of mense in beheer kan terugkom en met ons kom praat hierso oor hierdie kwessie van die huur.

HOF : En dan as hulle praat, wat dan? -- As daar gepraat is en die huur is nou verminder en ons is tevrede met wat gesê is, dan sal ons betaal.

Ook vir die elektrisiteit en die water? -- Soos ek alreeds gesê het dit word gevra as een groot bedrag. Ek weet nie wat die bedrag is vir die water en wat die bedrag is vir die elektrisiteit nie. Ek kan nie die verskil maak nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Die huur wat u nou nie betaal nie, het u dit beskikbaar om te betaal as dit gevra sou word? Het u elke maand wat u nie betaal het nie daardie geld eenkant gesit in die bank dat dit daar is as u dit nodig kry?-- Ek het nog nooit geld gehad om te gaan spaar by die bank nie.

So, u het nie voorsiening gemaak daarvoor dat u ooit

sal betaal vir water en elektrisiteit of wat ook al nie? -- Ongelukkig hierdie geld om gespaar te word is net nie daar nie.

En die werkers wat die water moet pomp en wat die vuilis moet verwyder en wat moet sorg dat daardie elektrisiteit by die huis kom, as hulle nie betaal word nie en hulle gaan dood in die tussentyd, wat word dan? -- Dit het nie in my gedagte gekom nie.

Daar is baie goed wat nie oor gedink is nie, nè? Maar hoe gaan u uit die probleme uitkom? Hoe gaan u weer normaliseer? -- Om uit hierdie probleem te kom is een manier dat die owerhede die geld wat ons betaal verminder, dat dit afkom. Dit wil sê dat die bedrag verminder word.

HOF : En die agterstalliges? -- Daardie gelde wat beskou word as die agterstalliges wat my betref is my siening dat ons al lank daardie gelde betaal het in die verlede wat ons die huur betaal het, terwyl die huurgeld so baie opgeskuif het.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dit is nou u siening van u persoonlike posisie, nè? Wat van die buurman wat miskien net twee maande in die huis woon en wat nou ook vir hoe lank al nie betaal nie, watter reg het hy om in daardie huis te bly? ŉ Man wat miskien van die Transkei af ingekom het en daar kom woon het? -- Nee, dit is vir daardie buurman van my om te besluit, kyk, die huis is syne. Hy sal besluit wat om te doen.

Hoe kan ŉ ander man wat nog nooit vir daardie huishuur betaal het nie, hierdie man wat nou net vir twee maande daar gewoon het kom uitgooi en dan daar intrek omdat niemand betaal huur nie, niemand het reg op die huis nie? As hy net ŉ

bietjie ...

bietjie sterker is as hy? -- Nee, nee, nee, nou verstaan ek nie hierdie vraag nie.

Kyk, as iemand nie die huis huur nie en hy is ook nie die eienaar van die huis nie, watter reg het hy om in die huis aan te bly teenoor enige ander persoon - enige ander persoon, al kom hy van Zimbabwe, maak nie saak waar hy vandaan kom nie? -- Hoe sal daardie persoon dit kan doen om in hierdie klein huisie wat net so groot is soos ŉ paraffienblik te kan bly, want dit is net so klein soos ŉ paraffienblik.

Dit mag so wees, maar die feit is dat as jy nie die voordeel het van die argument dat jy baie lank by die huis bly en dat jy hom al betaal het, soos jy self sê nie, ŉ persoon wat net pas daar ingetrek het, wat net pas ŉ huis gekry het vir die eerste maal, op watter regsgronde kan hy aanhou daar bly sonder om enige huur te betaal teenoor ŉ ander mens wat ook nog nooit daar gebly het nie en wat ook graag in die huis wil kom bly? -- Ek verstaan dit, die stelling gaan oor mense wat nou net ingetrek het en ŉ man wat net kom, ek verstaan dit, maar ek praat van myself wat nie net daar ingetrek het nie. Wat my affekteer is dit waarvan ek praat.

Maar dit geld seker nie vir al die mense wat daar woon nie? -- Ek sal sê dit geld ten opsigte van almal wat daar woon, want die vergadering wat daar belê was, was bedoel vir die inwoners en die klagte was dieselfde, die tipe klagte wat almal affekteer. So, ons is maar almal dieselfde.

HOF : Hoe groot is u paraffienblik? -- Dit is omtrent so groot soos hierdie ding voor my.

Hoeveel kamers? -- Een klein kamertjie vir kookdoeleindes, twee slaapkamers en een wat ŉ mens kan gebruik om in te rus.

ŉ Sitkamer? -- Ja, dit is ŉ sitkamer.

MNR. JACOBS : Op hierdie vergadering van 26 Augustus 1984 het jy gesê dat die ouerige man het voorgestel hulle moet eerder as om die huis te sit, hulle griewe neem en in groot klompe bymekaar kom daar en dan hulle griewe neem na Houtkop toe. Is dit reg? -- Wat hierdie man gesê het is die volgende. Dat dit niks gaan help om sommer weg te bly by die huis nie. Die beste om te doen is om bymekaar te kom as ŉ gemeenskap en dan na Houtkop toe te gaan.

En as ek jou reg verstaan het die mense dit sommer dadelik aanvaar deur hande te klap en te skreeu "Ngawethu"? -- Daar is iemand wat gevra het wat gaan nou gebeur as ons gearresteer word. Die antwoord op die vraag was daar is nie ŉ kwessie van mense wat gearresteer gaan word in hierdie ding nie, want ons kan dit in vrede doen. Ons sal in vrede loop en ons sal niks aanvang wat nie volgens die wet is nie. Ons sal net op pad wees om ons griewe oor te dra.

So, daar was iemand wat bekommerd was dat julle gearresteer kan word? -- Ja, iemand het daardie soort van ŉ vraag gevra.

Was jy bewus op daardie stadium dat ŉ mens nie opelug vergaderings mag gehou het nie? -- Nee, ek het nie die kennis gehad nie.

Is dit nie daar bespreek of hierdie optog voldoen aan ŉ opelug vergadering en dat dit die oorsaak kan wees dat julle gearresteer kan word nie? -- Die persoon het wel gepraat oor die arrestasie, maar in my ondervinding was dit nie die eerste keer wat ek deelgeneem het aan hierdie soort van loop nie, want dit het al gebeur dat ons in ŉ klomp geloop het na ŉ sekere plek toe.

HOF/...

HOF : Wanneer het dit gebeur? -- Dit het baiemaal gebeur in my skool toe ek nog op skool was dat ons in groot klompe geloop het na ŉ ander skool toe byvoorbeeld om sport daar te gaan speel en selfs by die kerk was daar geleenthede gewees wat ons geloop het. Dit wat ek nou van gepraat het is waar mense loop in groot klompe wat mekaar volg en om ŉ sekere area loop en dan terugkeer na die kerkterrein toe.

Wanneer was dit? -- In die loop van elke jaar gebeur dit.

1984? -- Ja, dit het gebeur.

Wanneer in 1984? -- Voor die Paasnaweek. Dit is gedurende palm Sondag.

MNR. JACOBS : Sal u saamstem dat hierdie optog wat beplan was vir 3 September was ŉ protesoptog teen die verhoogde huur? -- Nee, ek stem nie saam nie.

Was dit nie dan om te gaan protesteer teen die huur wat julle hierdie optog wou gehou het nie? -- Ja.

En die optogte wat jy aan deelgeneem het wat jy vir die hof van vertel het was eintlik maar net uitstappies van die kerk gewees en nie optogte nie? -- Ja, dit het te doene met die biduur. Dit is presies dieselfde soos hierdie. Wat ons die dag na Houtkop toe sou gedoen het, is ons sou daar gekom het en bid en die versoek wat ons oorgedra het.

Is dit bespreek op hierdie vergadering dat julle sou gaan bid daar by Houtkop? -- Wat gesê was is dat ons gaan Houtkop toe om ons gevoelens daar oor te dra.

Dit is eenvoudig, was dit toe daar bespreek ook dat julle sal gaan bid by Houtkop? -- Nee, dit was nie gesê nie. As ons bid, bid ons tot die Here en nie tot Houtkop ie.

Nou hoekom sê jy dan hierdie is dieselfde as ŉ

kerkuitstappie'...

kerkuitstappie want julle sou Houtkop toe gegaan het om te gaan bid? -- Die idee dat ons die stappie neem van die kerk af is nie om vars lug te kry daar buite nie. Ons bid in hierdie stap van ons. Dit is die idee van uitstap van die kerk af.

HOF : Dit is nou by die kerklike optog, of praat u ook van die optog na Houtkop? -- Wat gesê was is dat ons gaan na Houtkop toe om te gaan kla oor die huur.

K1033 Waar kom die bid dan in? -- Volgens my verstaan van die twee, ŉ mens wat kla oor iets, is net so goed soos ŉ mens wat bid. Wat my betref is daar nie ŉ groot verskil tussen die twee nie. Dit is amper dieselfde.

Daar is seker ŉ verskil in die persoon wat aangespreek word? -- As ek bid spreek ek tot God. As ek gaan kla, kla ek by die mense wat ons met die huur druk.

MNR. JACOBS : Is dit reg en ook met hierdie optog wat julle sou onderneem het sou daar ook plakkate saamgedra gewees het? -- Nee, ek het nie kennis daarvan nie. Ek het dit nie gehoor nie.

Daar was darem ten minste een man op daardie vergadering wat bekommerd was dat julle kan gearresteer word weens die optog? -- Ja, daar was.

Het hy gemeld dat so ŉ optog kan ŉ onwettige optog wees omdat dit in die opelug is? -- Dit is so.

Wat is toe bespreek oor die wettigheid van die optog wat in die opelug sou plaasvind? -- Wat dan gesê was, was dat mense moenie skrik vir die feit dat hulle gearresteer word nie, want hierdie optog gaan ons loop met vrede sonder enige voorvalle. Ons moet dus nie bekommerd wees nie.

Dit is nou vir ŉ nie vreedsame optog, maar wat van die feit dat dit heeltemal verbied was om so ŉ optog te hou?

Die/...

-- Die manier waarop ons nou sleg gevoel het oor hierdie het ons nie daaraan gedink dat dit eintlik nie wettig was nie.

So, dit is nie bespreek of dit wettig of onwettig was nie? -- Nee, dit was nie bespreek nie.

En jy kan ook nie eers vir ons sê wie was hierdie man wat gevra het omtrent die wettigheid van die optog en die arrestasie nie? -- Nee, ek kan nie meer die persoon goed onthou nie.

Is daar enigsins bespreek dat indien dit wel sou gebeur dat iemand gearresteer word, wat dan gedoen sal word? Dit is hetsy gedurende die optog of hetsy gedurende die "stay-away" net alleen of hetsy omdat daar nie belasting betaal is nie? Is daar bespreek wat dan met daardie mense sou gebeur of wat met hulle kinders sou gebeur? -- Daar was geen kinders wat in hierdie hele ding betrek is nie, want daar was geen rede vir die betrokkenheid van kinders nie. Dit het net te doene gehad met die mense wat huur betaal.

Maar jy antwoord nie my vraag nie. Ons kan na daardie aspek toe terugkom. Die vraag is, was dit op hierdie vergadering bespreek of enige oplossing gebied, wat sal gebeur as mense gearresteer word vir die feit dat hulle nie huur betaal nie of die verhoogde huur nie betaal nie of die feit dat hulle aan 'n wegbly-aksie deelneem of die feit dat hulle aan die optog deelneem? Is daar enige bespreking gevoer wat daar sal gebeur met mense wat gearresteer word of hulle kinders as hulle gearresteer word? -- Nee, ek kan nie so goed onthou nie.

Ek wil hê jy moet kyk na 'n sekere bewysstuk hierso. Dit is BEWYSSTUK AN15(ii). Die vertaling van die stuk is,

in/...

in ŉ Bantoetaal aan die voorkant van AN15(ii) en op die agterkant is die vertaling daarvan. Ek wil hê jy moet deur hom lees in die Bantoetaal wat jy seker die beste verstaan, daar is drie van hulle en dan wil ek jou verwys na sekere dinge wat ek uit die verklaring sal neem. -- Ongelukkig het ek nie my bril hier nie. Ek het ŉ leesbril wat ek dra, maar ek kan niks sien nie.

HOF : Daar is geen probleem nie. Mnr. Die Tolk, lees asseblief die kennisgewing voor vir die getuie in sy eie taal. Ekskuus u praat Zoeloe. -- Hierdie een is in Sotho geskryf.

Kan u dit volg in Sotho of wil u dit in Engels hoor? -- Ek sal volg in Sotho as dit in Sotho geleees word.

(Tolk lees gedeelte aan getuie in Sotho voor)

MNR. JACOBS : Hierdie dokument, het u hom gesien? Is hy daar uitgedeel in jou gebied in die Vaal ook? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

Ek wil dit aan jou stel dat die mense wat daardie vergadering van 26 Augustus 1984 gereël het, het hierdie kennisgewing uitgegee na die vergadering?

HOF : Bedoel u onmiddellik na die vergadering geëindig het of was dit in die loop van die week na die vergadering?

MNR. JACOBS : In die loop van die week na die vergadering. -- Ongelukkig het ek dit nie gekry nie. Ek het dit nie eers gesien nie.

En ek wil dit ook aan jou verder stel dat hierdie dokument verwys na die resolusies wat ook geneem was op die vergadering van 26 Augustus 1984? -- Ja, ek verstaan dit.

En dit verwys ook na die besluit wat op die vergadering geneem was dat julle weer op 3 September, die mense wat daar was sou bymekaar kom by dieselfde kerk, by die Roomse Kerk

Small/...

Small Farms om 09h00? -- Ja, ek hoor dat dit genoem word van hierdie dokument voor my.

En is dit reg, die persoon wat dan op die vergadering van die 26ste gepraat het en die verwysing gemaak het na die resolusies wat op die ander vergadering geneem is, het daar gepraat namens die jeug, namens die jongmense? -- Die persoon het net gepraat in die algemeen oor hierdie probleme en dit was op geen stadium gesê dat hy namens die jeug gepraat het nie.

En is dit nie ook so dat hy het op die vergadering van 26 Augustus 1984 juis daarna verwys hoe dat die verhoogde huur ook die jeug raak nie? -- Ja, dit was gesê.

En dat hy ook gesê het die jeug en die ouers moet verenig in die stryd teen die verhoogde huur en die raadslede? -- Ja, hy het dit gesê.

En het hy ook gesê dat die jeug moet verenig met die werkers en die vrouens in die stryd teen die verhoogde huur en die raadslede? -- Ja.

Is dit nie so nie dat op hierdie vergadering was daar ook heelwat jeugdiges en mense wat nog van skoolgaande ouderdom was? -- Daar was nie skoolgaande kinders daar teenwoordig nie. Daar was wel jeug teenwoordig gewees daar,wat ek geskat het omtrent ħ kwart van die bywoning van daardie vergadering daar.

HOF : Wat noem u jeug? -- Ek skat dit tussen 18, 19, 29 en ouer as dit. Dit is die jeug as ek van die jeug praat. Mense wat verstand het as ħ mens met hulle praat.

Ouer as dit kan wees tot so oud soos u? -- Nee, ek is nou ħ ou man.

Ek wil eintlik net weet as u van jeug praat, omtrent

oorwegend/...

oorwegend watter groep sê u? 18 tot 20 of ouer as dit, of baie ouer as dit? -- Tussen 18 en 26.

MNR. JACOBS : En ek wil dit aan u stel ook dat die groepe tussen die ouderdomme 18, 19 en 20 die meeste van hulle is nog eintlik skoolgaande jong mense? -- Ja.

Jy sien, dit is daarom dat dit in hierdie dokument staan dat hierdie ŉ resolusies wat aanvaar was van die inwoners, die "residents", dan die kinders, dit is hierdie jeugdiges, "parents", dit is die ouers "and workers"? -- Dit is ook die waarheid.

En dit is ook korrek wat dan hier staan dat dit spesifiek op hierdie vergadering ook van 26 Augustus besluit was dat geen kinders sou skool toe gegaan het op Maandag, 3 September nie? -- Dit was nie spesifiek so gesê nie. Dit was net die kinders wat daar gestaan het tussen die inwoners en die gemeenskap, dat die onderwysers sal nie by die skool wees nie as inwoners van die gebied.

HOF : Is dit bespreek? -- Nee, dit was nie spesifiek bespreek nie, maar dit was die gedagte wat die gemeenskap gehad het daar.

MNR. JACOBS : Hoe kan u vir die Hof sê wat is die gemeenskap se gedagtes, wat in hulle gedagtes is? Kan jy gedagtes lees? -- Nee, ek kan nie mense se gedagtes lees nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 18 NOVEMBER 1987.

**DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**

### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I2-26-318**
*Document Title:-* **Vol 318 p 18191-18244. Witness: Namane**